* Die stamme behoort in 'n effense diagonale posisie agter mekaar te staan. In die algemeen maak dit nie werklik saak watter een van die twee stamme voor geplaas word nie, maar dit is wel belangrik dat die plasing diepte sal skep. Bome moet nooit direk voor of langs mekaar geplaas word nie omdat die perspektief dan verlore sal gaan.
* Die stam moet op die basis of grondoppervlakte verdeel en die twee stamme moet verkieslik 'n "V" vorm aanneem in plaas van 'n "U" vorm.
* Die hoogste punt van die kroon moet direk bo die gemeenskaplike basis van die stamme geplaas wees.
* Die twee stamme moet dieselfde bewegingslyn hê, dit wil sê hulle moet nie mekaar en dan weer weg van mekaar af beweeg nie. Takke en vlakke moet uitwaarts beweeg en saam buig as twee entiteite, maar elk moet sy identiteit behou.
* Indien die twee stamme baie na aan mekaar staan, moet die sytakke so gekies en gevorm word dat dit lyk asof dit een boom is. Die takke van die hoofstam moet ook nie laer geplaas word as die van die sekondêre stam nie.
* Takke behoort nie oor en weer te kruis nie en die sekondêre stam moet nie onder die takke van die hoofstam staan nie. In die natuur is takke van die Akasias geneig om weg van mekaar af te groei sodat elke tak die maksimum sonlig kan bekom; andersins is dit geneig om terug te sterf.

VORMING

Ritme en vloei van stamme sowel as takke kan deur bedrading gedoen word. Nadat die twee stamme afsonderlik

bedraad en gevorm is, word die plasing van verskillende raamtakke bepaal. Alle verkeerde kruisende takke en takke wat nie inpas by die ontwerp nie, word verwyder. Botsels wat na binne groei, word ook verwyder. Die negatiewe areas en diepte tussen die twee stamme word so verbeter.

Indien takverdikking nog gedoen moet word, kan daar van die onderste sytakke gelos word om vrylik te groei. Tersiêre takkies kan ook bedraad en gevorm word indien die boom sterk groei. Negatiewe areas en diepte tussen die twee stamme, sytakke en kleiner vlakkies word sodoende verbeter.

MATERIAAL

Na my beskeie ervaring is werklike tweestammige Akasias betreklik skaars in terme van kwekery materiaal sowel as boompies wat self van saad gekweek word. Soms is die enigste uitweg om 'n kunsmatige tweestammige styl te skep. Twee afsonderlike bome kan teen mekaar geplant word. Die illusie word sodoende geskep dat dit twee stamme is wat uit een basis ontspring en dus een boom is. Die reëls in verband met plasing van die twee stamme moet egter steeds in ag geneem word.

In Peter Adams se boek *The Art of Bonsai* klassifiseer hy sommige bome as tweestammig wat nie werklik teenaan die grond in twee stamme verdeel nie. Indien die klassifikasie aanvaar word, sal dit effens makliker wees om 'n "ware" tweestammige Akasia te kan kweek. Heelwat Akasias in die natuur sowel as kwekerymateriaal, is wel geneig om 'n sterk mik redelik laag te vorm en die kroon